



## In Hierdie Uitgawe

- [Briefie in die Pos](#)
- [Kontak Ons](#)
- [Kusuitsendings](#)
- [Ons se Dankie](#)

## Goeie wense vir Kersfees

Kersvader, jingle bells, vrugte koek, mistletoe, kersboom, tinsel, kerse, White Christmas, sneeu vlokies, kalkoen, Rudolf the red nose reindeer, klokkies, Kersfees kouse, elwe, presente, Kerspoeding, slee, Kers liedjies? Net soos sonskyn strooi jy jou omgee strale oor almal in jou lewe.

Is daar enigiets in die wêreld wat soveel assosiasies het soos Kersfees? Is daar enige ander tyd

van die jaar wat 'n spesifieke gebeurtenis die lewens van mens so intens beïnvloed soos Kersfees?

Almal mag dalk nie Kersfees met soveel verwondering en afwagting tegemoet gaan soos klein kindertjies met hulle glinsterende ogies nie, maar almal word vir hierdie tyd van die jaar meegesleur deur die totale omvang van die feesgety.

En hoekom? Want eenmaal is daar vir die verlore mensdom 'n Verlosser gebore, 'n Verlossing om die mensdom te bevry van die gebrokenheid van die wêreld.

Of jy nou glo en of jy nie glo nie, in hierdie tyd van die jaar vier jy dit. Of jy dit gebruik om hierdie tyd van die jaar daaruit geld te maak of watter selfgesentreerde doelwit jy ook al daarmee mag probeer verwesenlik, met dit wat jy doen herdenk jy in wese saam met die ganse Wêreld hierdie ontsaglike belangrike gebeurtenis.

So laat ons dan hulde bring aan die Een wat gekom het. Laat ons dank-betuig vir die geskenk wat ons ontvang het. Laat ons saam met die kindertjies, soos kindertjies wat opgewonde wag vir Kersvader, wag op die Een wat weer sal kom.



Kan jy onthou hoe jy vyf jaar gelede Kersfees gevier het? Wie was almal saam? Wat het tussen julle gebeur? Ek is so jammer ek vergeet om te onthou. Die lewe bestaan uit 'n string gebeure wat maklik só in mekaar vloei, dat jy nie veel daarvan onthou nie. Die kuns is om knope in die gebeure te maak sodat jy jou gedagtes daaraan kan ophang.

Dit beteken dat ons doelbewus herinneringe moet skep. Herinneringe is die padkos waaraan jy later tydsam kan smul. 'n Mens moet kreatief wees om herinneringe te skep. Dit moet iets wees wat 'n knoop in die tyd kan maak. Hoe? Herinneringe word geskep deur iets besonders wat in verhoudings gebeur. Jy sal dalk vergeet watter kos op die tafel was, of watter TV program julle gekyk het. Maar, die waarderende woorde wat iemand gesê het, die drukkie van 'n klein-kind, die saam sing om die kersboom, die blaaie deur foto-albums of die kersie wat vir dierbares aangesteek is, dít skep herinneringe!

Ons moet dus leer om by oomblikke stil te staan, dit bewustelik te geniet en oor die betekenis daarvan na te dink. Wees saam op die uitkyk vir oomblikke waar verhoudings verdiep. Dit gebeur in tekens van waardering, dankbare woorde, vergifnis, bemoediging of seënwense. Dit kan gebeur tydens

“Wat beteken Kersfees vir jou?”

dade van sorg en uitreik na iemand in nood. Beplan dit doelbewus! Die ster, die herders en die engele was sulke knope in die tyd. Die engele sing hul lied, die herders bring hulde om die krip en die ster gaan staan vir 'n oomblik stil: die Verlosser is gebore! Vandag nog vier ons hierdie wonder as 'n knoop in die tyd, dié gebeure wat die knoop vir ons deurgehaak het.

Mag hierdie Kersfees vir u almal 'n samesyn wees wat onthou sal word... vir jou dalk dié fees waaraan jy vir die res van jou lewe kan herkou?

Mag julle 'n onvergeetlike Kersfees beleef



## Kontak Ons

Epos: [juanita@k7.com.na](mailto:juanita@k7.com.na)

Luister aanlyn: [www.k7.com.na](http://www.k7.com.na)

Kontak Nommer: (061) 420 850  
Faks Nommer: (061) 240 190

Posbus 20500  
Windhoek  
Namibië

Ara straat  
Doradopark  
Windhoek

Die radiostasie in diens van  
Jesus Christus!

# Kusuitsendings 2016



Volg ons by die kus op  
Sosiale media


Luister na Teens@7 aanlyn

VOLG Kanaal 7 op Twitter



LIKE Kanaal 7 op Facebook

Luister na Kanaal 7 aanlyn



You Tube

Linked in



kan 'n verskil maak hierdie Kersfees!

Channel 7

Koningskos

N\$ 50.00

Vir slegs N\$ 50.00 kan jy 'n heerlike bord gekookte kersete borg wat op Kersdag by die Kus uitgedeel word.

Spesifiseer jou kUSDorp en ook hoeveel mense jy wil bederf!

Bank Besonderhede  
Bank: Bank Windhoek  
Rek Nommer: 1033 429 801  
Tak Kode: 481 972  
Verwysing: Koningskos + Dorp

@jeanine@k7.com.na  
(061) 420 850  
wwwk7.com.na

Die wêreld bied daagliks nuwe uitdagings en dit verg baie inspanning, harde werk en 'n doelgerigte leefwyse om in die sake-omgewing staande te bly en 2016 was beslis een van daardie harde en uitdagende jare. Om dié rede is Kanaal 7 weer hierdie jaar by die kus om die publiek met hernude inspirasie, toewyding en motivering toe te rus vir die nuwe jaar wat voorlê. Ons gaan weereens die kus aan die brand gesels en lekker op die lug kuier met ons vakansie uitsendings vanaf Swakopmund en saam met ons luisteraars hierdie Christusfees geniet. Die Kusuitsendings vind plaas vanaf 12 tot 31 Desember 2016. Die span sal vanjaar bestaan uit, Trish Engelbrecht, Neal van den Berg,

Tara van Eck, Chris Theron en Andre Fourie. Agter die skerms sal Jeanine en Shanwill sorg dat als seepglad verloop. Met die ligte seebriesie, die vars reuk van die see, die klanke van Kanaal 7 op die agtergrond en met die son wat weerkaats op die see se rand, kan dit net een heerlike feestyd wees.

Vanjaar sal daar weer 'n vol program wees en weer geleentheid wees om op Kersdag kospakkies aan ons bejaardes en minder bevoorregtes uit te deel. Ons is ook baie opgewonde oor die splinter nuwe projek Touch of Blessing wat ons in samewerking met On Tap Plumbing and Bathrooms en Finishing Touches ook geskenk pakkies aan bejaardes sal voorsien. Indien jy betrokke wil raak by een van hierdie projekte skakel vir Jeanine by (061) 420850.

Verder kan ons net sê, bly ingeskakel. Ons hou jou op hoogte hierdie vakansie.

**“Kusuitsendings vind plaas  
12 - 31 Desember 2016 in 'n  
splinternuwe ateljee”**



## A touch of Blessings

Channel 7, Finishing Touches & On Tap will distribute 120 Christmas gift bags to our senior citizens on 25 December at the coast.

You are invited to give generously: cookies, biscuits, chocolates, dried fruits, packed chips, nuts and much more. Deliver your generosity to Channel 7 Windhoek, Channel 7 Swakopmund weekdays after 15h00 or Finishing Touches.

Main Sponsor

on tap PLUMBING AND BATHROOMS

FINISHING TOUCHES make your lease a HOME

Channel 7 Media Network for Christ Medianeetwerk vir Christus



## Uit die M.D. se kantoor

As ek die hedendaagse inligtingsbron Wikipedia vra wat Kersfees is sê hulle: Kersfees of Kersdag (Ou Engels: Crīstesmæsse, wat beteken ("Christus Mis") is 'n jaarlikse fees ter herdenking van die geboorte van Jesus Christus, waargeneem mees algemeen op 25 Desember as 'n godsdienstige en kulturele viering onder miljarde mense regoor die wêreld.

Verskeie mense, Christene, voel dat Kersfees glad nie op die kalender hoort nie en ander voel die datum is verkeerd. Dit is glad nie so uniek of vreemd nie. Deur die geskiedenis was daar tweespalt oor Kersfees en die viering van Christus se geboorte op 25 Desember. Soveel so dat daar onder andere, en daar is vele ander, die viering van Kersfees bv. tussen 1659 en 1681 in Massachusetts onwettig was. Ek is oortuig dat indien daar vandag debat gevoer moet word oor die afskaffing van Kersfees, dit die sakegemeenskap sal wees wat die hardste daarteen sal skop. Ek wonder wat die uitslag sal wees indien ons met 'n mikrofoon onder die breë gemeenskap invaar en vra mense, en veral ons jeug, moet verduidelik waaroor Kersfees regtig gaan. Gelukkig is dit nie mense se siening en mense se verstaan of mense se aanvaar, waaroor dit gaan nie. Ons hoef net te lees wat die Woord van God vir ons sê waaroor en oor wie dit werklik gaan. Paulus skryf die volgende aan die Kolossense:

**KOL 1:15 -21 "Hy is die Beeld van die onsiglike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsiglik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte - alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.**

## Uit Projekte Kantoor

So het nog 'n jaar verby gevlieg. As ek so terugkyk na al die tekortkominge, slegte & teleurstellende nuus wat jy oor familie of vriende ontvang het, droogte, finansiële kommer & krisis, sterftes of selfs nuus uit die buiteland wat jou laat wonder hoeveel slegte goed kan nou nog gebeur?

Dan ter selfde tyd ervaar ons ongelooflike vreugde en dankbaarheid die oomblik toe die eerste reën geval het, ons in die oggend kan opstaan met 'n pragtig sonsopkoms of dalk gesond is nadat jy met jou gesondheid gesukkel het en die behandeling suksesvol was. Daardie probleem waarmee jou nou al vir 6 maande sukkel ewe skielik homself uitgesorteer is en nie meer slapelose nagte veroorsaak nie.

God het jou lief. Hy beskou jou as Sy kind en dit maak jou 'n ontvanger van Sy Seëninge, oor geslagte heen. Wanneer ons begin om te verstaan dat guns God se uitdrukking van genade is, kan ons verstaan dat die guns wat ons ontvang, net soos genade, nie kan balanseer met wat ons verdien nie.

Kersfees is om die draai. Soveel dinge wat gereël en organiseer moet word om hierdie Kersfees 'n onvergeetlike ervaring te maak. Waar is Christus in jou beplanning en organisering van Kersfees? Kan Christus oral hierdie vakansie saam met jou gaan en sal Hy welkom voel? Is daar iewers in jou beplanning tyd om stil te raak en dankie te sê vir alles wat jy onvoorwaardelik ontvang het?

Kom ons gaan hierdie Christusfees in met 'n hart van dankbaarheid, gasvryheid, vrygewigheid en 'n versamelaar van goeie en positiewe dinge. Leef so dat Christus hierdie feesseisoen ten alle tye vereer sal word. Ek bid seën, vreugde en liefde hierdie Kersfees vir jou gesin toe en mag jou 2017 'n jaar van ongekende genade en dankbaarheid wees.

**En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.**

**En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis - ek sê deur Hom - die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele. Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen"**

Dis my gebed en elkeen van ons by Kanaal 7, dat jy, ongeag of die datum reg of verkeerd is. Nie die datum of dag of kersboom of geskenke sal vier nie, maar die geboorte van Jesus Christus. Dis verder my gebed dat Hy so deel van jou lewe sal wees dat jy nie godsdienstig oor hom hoef te wees nie maar dat jy Jesus, Seun van God, in Sy volheid sal leef. Soveel so dat mense saam met jou, die geboorte van Jesus Christus sal vier wanneer ons die geleentheid het om op 25 Desember 'n vakansie dag te hê en saam met ons geliefdes waar moontlik, Sy Vreugde sal deel.

Gaan Leef Jesus en versprei die Kersfees Boodskap, beleef 'n Geseënde Kersfees en seën ander met dieselfde seën.

Neal van den Berg



“Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense ‘n welbehae!” (Lukas 2:14).